

**11 Augustus**

**Skrifgedeelte: Job 36:26-31; 42:1-6**

**Fokusgedeelte: NGB, Art 1**

### **God is onbegryplik**

Die boek Job bereik 'n verrassende einde. 'n Mens verwag dat God in die laaste hoofstuk of twee aan Job sal verduidelik waarom al die hartseer in sy lewe nodig was. Dan sal Job berusting kan vind. Dinge gebeur egter anders. Job vind wél berusting, maar nie in die verstaanbaarheid van God nie. Hy vind sy berusting juis in die ONBEGRYPLIKHEID van God.

Hierdie vreemde berusting word deur volharding bereik – nie die volharding van Job met God nie, maar die volharding van God met Job. God volhard met Job, selfs al sê Job lasterlike dinge. Veral deur die getuigenis van die natuur en diereryk (Job 38-41) bring God Job al hoe meer onder die indruk van sy grootheid. “God is só groot,” besef Job uiteindelik, “ons kan sy grootheid nie begryp nie” (Job 36:26). Elke gelowige het hierdie insig nodig. Té dikwels dink ons: God is net soos ons. Dan perk ons Hom in binne die grense van ons verstand. Op hierdie manier skep mense gode na hulle eie beeld en gelykenis.

Nee, God is anders as ons, TOTAAL anders! Watter mens sou dit byvoorbeeld kon uitdink om sy eie onskuldige kind vir sondaars te laat sterf? “My gedagtes is nie julle gedagtes nie,” sê die Here (Jes 55:8). Ware geloof vra dus onvoorwaardelike aanvaarding van die onbegryplikheid van God. Die geloof in 'n onbegryplike God word van jou gevra selfs as (en juis omdat!) jy nie verstaan wat Hy doen nie. Hierdie geloof vra dat jy vertrou dat God op wonderlike en onbegryplike maniere besig is om “meer te doen as wat ons bid of dink” (Ef 3:20). Soos met Job volhard God ook vandag met jou om hierdie geestelike doelwit te bereik.

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~